**Abraham moet Isak offer – 'n plaasvervanger (OP156)**

**Gen 22:1-19**

**26 November 2023**

Laasweek het ons begin kyk na Gen 22. Ons het gesien dat die Here vir Abraham op die proef gestel het deurdat hy vir Isak, sy seun, sy enigste, die seun wat hy liefgehad het, moes gaan offer as 'n brandoffer op die berg Moria. Al was hierdie toets intens, was Abraham gehoorsaam. Hy het dringend en deeglik voorbereidings getref om Isak te gaan offer. Gedurende die periode van drie dae om Moria te bereik, het Abraham volhard in sy gehoorsaamheid. Hy was oortuig dat die Here Sy belofte sal hou van 'n nageslag deur Isak. Daarom het hy verwag dat die Here óf vir Isak uit die dood sal opwek, óf dat die Here op 'n ander manier sal voorsien. Abraham was gehoorsaam tot op die punt waar hy gereed was om Isak te slag. Laasweek het ons ook daaroor besin dat Abraham tog baie gebaat het uit hierdie toets: Ons het gesien hoedat die Here vanuit die hemel verklaar het dat dit duidelik was dat Abraham die Here gevrees het. En boonop het die Here toe ook Sy vroeëre beloftes aan Abraham bevestig, deurdat die Here die beloftes met 'n eed by Homself gewaarborg het. Sodoende wou die Here toesien dat Abraham seker kan wees dat die Here sal doen wat Hy beloof het. Ons het uit Heb 6 gesien dat hierdie belofte en eed ook aan gelowiges sekerheid moet gee oor die hoop op die volle vervulling van die Here se beloftes.

Vandag wil ek weer by dieselfde gedeelte stilstaan, maar die fokus verskuif vanaf Abraham na Isak. Ek wil vandag die gehoorsaamheid van Isak oordink. Laasweek het ons gesien dat die beloftes wat die Here met 'n eed bevestig het, basies dieselfde beloftes was wat die Here al in Gen 12 aan Abraham gegee het. Dit kon die indruk geskep dat hier nie werklik iets nuuts is wat die Here aan ons openbaar nie. Vandag wil ek dan ook besin oor wat nuut is in die openbaring van die Here in hierdie gebeure. Ek wil vandag dus die volgende drie hoofpunte bespreek: (1) Isak se gehoorsaamheid, (2) Ontwikkeling in die verdere openbaring van die Here se verlossingsplan, en (3) Vergelyking van die Here se werk met Isak en met Ismael.

<u>Isak se gehoorsaamheid</u>

Soos wat ons laasweek gesê het, was Isak waarskynlik op hierdie stadium 'n tiener. Verder weet ons natuurlik dat Isak die seun was van Abraham en Sara – hy was die kind van die belofte, waarvoor Abraham en Sara 25 jaar gewag het. Isak word deur die Here in vers 2 beskryf as: Abraham se seun, sy enigste seun, die seun wat Abraham lief het.

Dit is sekerlik so dat hierdie gedeelte baie meer aandag gee aan Abraham se optrede en gehoorsaamheid, as aan Isak s'n. Trouens, ons moet 'n bietjie tussen die lyne lees om Isak se optrede te waardeer. In vers 3 lees ons van Abraham wat voorbereidings maak vir die bring van die brandoffer – onder andere word genoem dat Abraham ook vir Isak geneem het. Alhoewel dit nie pertinent gesê word nie, lyk dit tog asof Isak heeltemal gewillig was om saam te gaan. Volgens vers 4 het die trek na Moria drie dae geneem – en weereens is daar geen aanduiding dat Isak gedurende hierdie periode gekla het of onwillig was om saam te gaan nie – selfs nie as hulle die dienaars en die donkie agterlaat, en net Abraham en Isak alleen verder gaan na Moria toe nie, selfs nie as Abraham die hout vir die brandoffer op Isak se skouers laai en hy dit verder teen die berg moet uitdra nie. Vers 6 sê: "So het hulle twee saam geloop." Vers 8 bevestig dit weereens: "So het hulle twee saam geloop."

'n Mens sou kon wonder: Miskien was Isak nie geïnteresseerd in wat besig was om te gebeur nie, en het hy dit maar net verduur om saam met Abraham te gaan. Maar in vers 7 is dit Isak wat vir

Abraham vra: "Pa, hier is die kole vuur en die hout, maar waar is die lam vir die brandoffer?" Isak was bewus dat hulle op pad is om 'n brandoffer te gaan offer. En hy kyk na wat hulle by hulle het – en dan is dit vir hom duidelik hulle kort die lam vir die brandoffer. Hy laat nie maar net die saak daar nie, as hy en sy pa alleen is, bespreek hy dit met Abraham. Tidball, in sy skrywe oor hierdie hoofstuk, spekuleer hoeveel Isak verstaan het van wat besig was om te gebeur: Het Isak werklik nie die detail geweet van die opdrag van die Here aan sy pa nie? Het hy werklik nie geweet dat die Here se opdrag was dat hy, Isak, geoffer moes word nie? Het Isak dalk werklik gedink dat sy pa eenvoudig die offerlam vergeet het? Of het hy dalk met verloop van tyd, soos wat hulle gestap het, veral nadat hulle die dienaars en die donkie agtergelaat het, begin dink en wonder of dit nie dalk beteken hy is self die offerlam nie – immers is dit nou net hy en sy pa wat oor is, immers dra hulle selfs die hout saam, maar nie die lam nie. Wel, ons kan hieroor spekuleer, maar ons weet nie hoeveel Isak op daardie stadium verstaan het nie. Ek sal egter verbaas wees as Isak nie iets vermoed het nie. Wat ons wel weet, is dat Abraham vir Isak gesê het dat God vir Homself die lam vir die brandoffer sal voorsien. Hoe Isak die antwoord geïnterpreteer het, is ook nie vir ons duidelik nie. Ons weet net: So het hulle twee saam geloop – steeds is die indruk dat Isak gewillig saam met Abraham verder gestap het.

Maar, toe kom hulle by Moria. En Abraham bou die altaar, en hy pak die hout reg. En toe neem Abraham vir Isak, bind hom vas, lê hom op die hout, steek sy hand uit, en neem die mes om sy seun te slag (verse 9-10). Teen hierdie stadium hét Isak verstaan wat besig is om te gebeur – hy is die offerlam. En tog lees ons van geen weerstand van sy kant nie. Onthou, ons vermoed hy was in sy tienerjare. Abraham was verskeie jare ouer as 100. As Isak regtig weerstand wou bied, sou hy sy pa kon teengaan. Maar hy laat toe dat sy pa hom vasbind, op die hout neerlê, selfs tot op die punt om hom te slag. Soos ons laasweek by Abraham gesien het, is hier ook gewillige gehoorsaamheid by Isak – selfs al sou dit sy lewe kos.

Natuurlik moes Isak verlig gewees het toe die Engel van die Here na Abraham geroep het, en gesê het hy moenie enigiets aan Isak doen nie (vers 12). Natuurlik moes Isak verlig gewees het toe hulle die ram gesien het wat met sy horings in die bos vasgesit het (vers 13). Natuurlik moes Isak verlig gewees het toe hulle die ram in sy plek as brandoffer kon offer. Die Here het toe inderdaad self die lam vir die brandoffer voorsien.

Kom ons besin nou oor die betekenis van hierdie gebeure.

<u>Ontwikkeling in die verdere openbaring van die Here se verlossingsplan</u>

Natuurlik is hierdie gebeure deel van die openbaringsgeskiedenis van die Here – dit beteken hierdie gebeure moet 'n bydrae maak tot ons begrip van die wil en plan van die Here. Ek wil graag kortliks opsom wat ons tot dusver in die openbaringsgeskiedenis in Genesis geleer het:

- Met die skepping, het die Here die skeppingsverbond met Adam en Eva opgestel. Daar het Hy sekere opdragte aan hulle gegee, soos om te vermeerder en die aarde te vul, soos om die tuin uit te brei tot dit die hele aarde sou insluit. Ons het gesien dat die Here onvoorwaardelike gehoorsaamheid van die mens verwag het.
- Die harde realiteit was egter dat die mens deur die duiwel se versoekinge geval het. Die gevolg hiervan was dat die Here 'n genadeverbond met Adam opgerig het. Volgens die verbond moes hulle steeds die opdragte van die Here uitvoer, maar dit sou nou gepaardgaan met swaarkry – immers is hulle ook uit die tuin gestuur en het nou in die wêreld gewoon. Maar, die Here het beloof dat daar Een uit die nageslag van die vrou sou

kom, wat die wortel van die probleem sal aanspreek, deurdat Hy die kop van die slang sal vermorsel.

- Die tragiese realiteit was egter dat selfs na die oprig van hierdie verbond, het die boosheid onder die mense toegeneem. Dit het die punt bereik waar die Here geoordeel het dat die mens altyd net bedink wat sleg is. Daarom het die Here die sondvloed gestuur en die ganse mensdom uitgewis, behalwe Noag, wat regverdig was, en sy gesin. Die Here het toe 'n verbond met Noag gesluit, en onderneem om nie weer voor die einde van die tyd die mensdom op so 'n wyse uit te wis nie. Ja, aan die einde van die tyd sal die Here weer oordeel, maar intussen sal daar genadetyd wees, waartydens die Here bereid sal wees om sonde tydelik ongestraf te laat.
- Die doel met die Abrahamverbond is om te beskryf hoe die Here gedurende hierdie periode van genadetyd gaan optree. Ons het gesien die Here het 'n verskeidenheid beloftes aan Abraham gemaak: hy sal geseënd wees, hy sal 'n groot nageslag hê, hy sal die beloofde land ontvang, hy sal tot seën wees vir die nasies van die wêreld. Hierdie beloftes is in die verbond met Abraham opgeneem. Ons het geleer dat Abraham die beloftes van die Here geglo het, en dit het tot gevolg gehad dat die Here dit vir Abraham as geregtigheid toegereken het (Gen 15:6). In Gen 16 het Abraham egter weer in kleingeloof verval, en het Ismael by Hagar verwek. In Gen 17 het die Here weer vir Abraham besoek – en toe sê die Here vir Abraham in Gen 17:1: "Ek is God, die Almagtige. Leef voor My en wees onberispelik!" Dit beteken Abraham moet in geregtigheid leef. Dit beteken Abraham moet gehoorsaam aan die Here leef – iets waarmee die mensdom tot hiertoe gesukkel het. Die punt om raak te sien, is: Omdat Abraham geglo het, het die Here aan hom geregtigheid toegereken. En gevolglik verwag die Here nou van Abraham om in geregtigheid te leef. Maar selfs al het Abraham geweet wat die Here verwag – het sy lewe sedertdien steeds nie getuig dat hy suksesvol was om onberispelik in geregtigheid te leef nie, selfs nie al het die Here aan hom geregtigheid toegereken nie.

Maar presies hoe gaan hierdie saak van geregtigheid werk? Waar kom daardie geregtigheid vandaan wat die Here aan hom toegereken het. En wat van al sy ongeregtige dade sedertdien? Bevraagteken dit dalk weer die geregtigheid wat hy reeds ontvang het?

Let op: die fokus op die verkryging van geregtigheid is 'n belangrike saak reg van die begin af: Voor die sondeval moes Adam en Eva gewillig gehoorsaam wees – hulle moes in geregtigheid leef. Na die sondeval het die Here beloof om Een te stuur om die oorsaak van ongeregtigheid, dit is die duiwel, se kop te vermorsel. In die tyd van Noag het die Here die sondvloed gestuur a.g.v. die ongeregtigheid van die mensdom, en nou verwag die Here steeds van Abraham 'n lewe in geregtigheid.

Dit bring ons terug by Gen 22 – want hier begin die Here bekend maak hoe Hy hierdie geregtigheid gaan bewerk, en hoe Hy dit vir Abraham gaan gee. Ek gee toe, nie al die detail is in hierdie hoofstuk nie. Ek gee ook toe dat Abraham nie noodwendig alles volledig verstaan het nie. Maar die wortels lê hier as deel van die openbaringsgeskiedenis – en die Here het dit juis vir ons laat opteken. Ons het die voordeel bo Abraham dat ons meer openbaring het as wat hy op daardie stadium gehad het. Ons kan dus die latere openbarings gebruik om hierdie gebeure beter te kan interpreteer as wat Abraham kon, ons behoort beter te kan verstaan wat die Here hierdeur wou openbaar as Abraham.

Soos wat ons laasweek gesien het, was hierdie toets van die Here meer intens as enige vorige toets in Abraham se lewe. Maar, soos wat ons ook laasweek gesien het, was Abraham gewillig gehoorsaam soos selde vantevore in sy lewe, en soos wat ons vandag gesien het, was Isak ook gewillig gehoorsaam. Ek glo dit is hoekom die Here op hierdie relatief laat stadium in Abraham se

lewe hierdie intense toets gestuur het. Hy het Abraham en Isak nou waardig geag om deur hulle aan ons die beginsel oor te dra van hoe Hy geregtigheid gaan bewerk vir die ware nageslag van Abraham.

Ek glo ons stem almal saam dat ons in hierdie gebeure 'n Ou Testamentiese tipe het van die werk van ons Here Jesus, asook van die werk van die Vader. In Isak sien ons 'n skadu van die Here Jesus, en in Abraham 'n skadu van die Vader. Kom ons kyk hoe die werk van die Vader en die Seun in hierdie gebeure afgeskadu word:

- Abraham moes Isak as brandoffer offer. In Lev 1:4 lees ons dat die doel met 'n brandoffer juis was om versoening te doen vir sondes. Die hele offerdier moes verbrand word. Dit is natuurlik ook juis die rede waarom Jesus geoffer moes word en moes sterf – om daardeur versoening vir ons sondes te bewerk.
- Abraham moes Isak juis op Moria gaan offer. Soos ons gesien het, was dit die plek in Jerusalem waar die tempel deur Salomo gebou is, en waar daar later baie brandoffers deur die volk gebring sou word. Dit was ook net buite Jerusalem dat Jesus Sy eenmalige offer sou bring deur te sterf aan die kruis op Golgota.
- Ons het gelees Abraham het die hout op Isak se skouers gelaai toe hulle die laaste deel van die tog na Moria afgelê het. Isak moes self die hout vir homself as brandoffer dra na die plek waar hy geoffer sou word. Netso het Jesus self sy kruis gedra na Golgota toe (Joh 19:17).
- Ons het gelees Abraham, Isak se pa, het die mes en die vuur gedra, dit was Abraham wat vir Isak moes offer. Rom 8:32 sê: "Hy (dit is God, die Vader) wat selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie...". Of Jes 53:10: "Maar die Here het verkies om Hom te verbrysel...". God, die Vader, was in beheer van Jesus se offer.
- En tog het Abraham en Isak saam geloop na die plek waar Isak deur Abraham geoffer sou word. Daar was samehorigheid by Abraham en Isak – gewillig op pad na dieselfde doel. In Joh 17:4 bid Jesus terwyl hy op die punt was om gekruisig te word: "Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te voltooi wat U aan My gegee het om te doen." Jesus was gehoorsaam aan die werk wat die Vader vir Hom gegee het, selfs om geoffer te word.
- Ons het gelees Isak was gehoorsaam tot die punt waar Abraham op die punt was om hom te slag. In Jes 53:7 lees ons: "Hy (dit is Jesus) is mishandel, maar Hy het Hom daaraan onderwerp en nie sy mond oopgemaak nie – soos 'n skaap wat ter slagting gebring word, soos 'n ooi wat voor haar skeerders stom is. Hy het Sy mond nie oopgemaak nie". In Fil 2:7b-8 lees ons: "Hy het aan mense gelyk geword. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis".
- Die Here het Isak beskryf as: Abraham se seun, sy enigste, wat hy lief het. Met Jesus se doop was daar 'n stem uit die hemel: "Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug" (Mat 3:17). Met Jesus se verheerliking op die berg, was daar weer 'n stem uit die hemel: "Dit is My geliefde Seun oor wie Ek My verheug" (Mat 17:5). Joh 3:16 sê: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy unieke Seun gegee het..."
- Daar is egter ook 'n reuse verskil tussen Isak en die Here Jesus: In Isak se geval was daar die stem van die Engel van die Here uit die hemel wat Abraham gestop het en gesê het: "Moenie hom iets aandoen nie!". Let daarop: die Engel van die Here was heelwaarskynlik die Here Jesus self. Maar, in die geval van Jesus se offerdood was daar nie so 'n stem nie. Daar was dit Hy wat uitgeroep het: "My God, My God waarom het U My verlaat?" (Mat 27:46). Toe was daar 'n periode van drie ure duisternis, en dit het geëindig met Sy dood. Maar toe het Hy ook uitgeroep: "Dit is volbring!" (Joh 19:30).

Ek vertrou dit is duidelik dat die offer van Isak 'n skadu was van die offer wat Jesus sou bring. Soos wat Abraham vir Isak moes offer, so was dit die Vader wat aangedring het dat Jesus geoffer moet word. Soos Isak bereid was om geoffer te word, so was Jesus bereid om geoffer te word, en om selfs te sterf.

Lees nou saam met my Rom 3:22-26:

- Vers 22: Hier lees ons dat God geregtigheid gee aan almal wat glo in Jesus Christus. Onthou, dit is wat die Here destyds vir Abraham gesê het in Gen 15:6 – omdat jy glo, reken Ek vir jou geregtigheid toe. Hoe reken God dit toe? Hy gee dit vir die wat glo.
- Vers 23: Almal het gesondig en hulle het 'n gebrek aan geregtigheid – dit is waar: ons het dit gesien by Adam en Eva, selfs by Noag, en selfs by Abraham.
- Vers 24: Die wat glo word goedgunstig deur God vrygespreek deur die bevryding in Jesus Christus. Kan ek dit anders uitdruk: Die wat glo word deur God geregverdig deur die offer van Jesus Christus.
- Vers 25-26: Hoe het Jesus ons bevry van ons ongeregtigheid? Deur Sy versoeningsoffer, die ekwivalent van Isak as brandoffer. Ons lees God het die sondes wat voorheen begaan is, tydelik oorgesien tot met Jesus se versoeningsoffer. Abraham se sonde met Hagar of sy leuens oor Sara as sy suster is tydelik oorgesien – totdat Jesus Sy versoeningsoffer gebring het.
- Maar presies hoe het God dit deur Jesus gedoen? Lees 2 Kor 5:21 "Hy wat nie sonde geken het nie, het God ter wille van ons tot sonde gemaak, sodat ons in Hom voor God geregverdig kon word."

Wat is die punt? Abraham het in die Here en Sy beloftes geglo, en die Here het hom dit as geregtigheid toegereken. Waar het daardie geregtigheid vandaan gekom? Dit is deur Christus bewerk – in Abraham se geval, is dit eeue later bewerk deur Christus. Abraham se sonde is tydelik oorgesien, maar die Here het reeds intussen aan Hom geregtigheid gegee. En die punt wat die Here aan ons openbaar in die geskiedenis van Abraham wat Isak moes offer, is dat die Here bereid is om 'n plaasvervanger as offer te aanvaar. Soos wat die Here die ram aanvaar het in Isak se plek as brandoffer, so is die Here bereid om Sy eie Seun as offer te aanvaar in die plek van Abraham en sy ware nageslag. Die Here is bereid om die geregtigheid wat Sy Seun vir hulle bewerk het, aan Abraham en sy ware nageslag te gee. Immers, onthou die Here het alleen tussen die stukke diere deurbeweeg – Hy het onderneem om alles te doen wat nodig is sodat Sy beloftes aan Abraham in vervulling sou gaan. Daarom het Hy bepaal dat Sy eie Seun, Sy enigste Seun, wat Hy lief het, vir hulle geregtigheid moet bewerk, wat Hy dan aan hulle sal gee wanneer hulle glo.

Laasweek het ons geworstel met die rede waarom die Here juis hierdie toets om Isak te moes offer, aangelê het om Abraham op die proef te stel. Dit is tog so anders as wat die Here van ons as mense verwag om te doen – ons moet juis lewens spaar, ons moet juis nie ons kinders offer nie. Nou verstaan ons hoekom die Here hierdie toets vir Abraham aangelê het: Die Here wou nooit werklik hê Abraham moes Isak offer nie – daarom het Hy hom betyds gestop. Maar die Here wou aan Abraham leer dat Hy werklik alles sal doen om aan Abraham geregtigheid te kan gee – Hy sal selfs Sy Seun, Sy enigste, wat Hy lief het, offer om dit te bewerk. Die Here sal selfs dit doen wat Hy nie van Abraham of van sy nageslag verwag om te doen nie. Die Here wil hierdeur openbaar hoe ver Hy bereid is om te gaan, hoe groot die prys is wat Hy sal betaal om geregtigheid te bewerk, wat Hy dan kan gee aan die wat glo. En boonop wil die Here hê ons moet weet Hy is doodernstig hieroor – Hy het dit met 'n eed by Homself gewaarborg. Ons moet nooit hieraan twyfel nie. Al met al, 'n reuse stap vorentoe in die openbaarmaking van die verlossingsplan van die Here: Daardie gebrek aan geregtigheid wat

sedert die sondeval die mensdom se grootste krisis is, sal aangespreek word deur 'n plaasvervangende Middelaar wat 'n effektiewe offer sal bring in die plek van die ware nageslag van Abraham, en wat sodoende vir hulle geregtigheid sal bewerk. Die Here sal dit verseker bewerk – Hy het by Homself gesweer.

<u>Vergelyking van die Here se werk met Isak en met Ismael</u>

In Gen 21 het ons gelees van Abraham wat in opdrag van die Here vir Hagar en Ismael weggestuur het, omdat Ismael spottend gelag het oor Sara en Isak. Dit is aangrypend om daardie gebeure te vergelyk met die gebeure hier in Gen 22 waar Abraham vir Isak moet gaan offer. Daar is verskeie ooreenkomste in beide hierdie verhale, maar daar is ook beduidende verskille. Kom ons vergelyk hierdie twee verhale:

- In beide verhale gee die Here die opdrag aan 'n ouer om saam met haar/sy kind te trek. In Gen 21 gee die Here die opdrag deur Abraham dat Hagar met Ismael weggestuur moet word. Gen 21:14 sê Hagar het toe weggetrek en in die woestyn van Berseba rondgedwaal. In Gen 22:2 gee die Here die opdrag aan Abraham dat hy saam met Isak moet weggaan. Hulle moet na Moria toe gaan, en soos ons gesien het, beteken dit hulle moet Jerusalem toe gaan.
- In beide gevalle maak Abraham vroeg die oggend voorsiening vir die weggaan. In Gen 21:14 gee Abraham aan Hagar water en brood, asook Ismael. In Gen 22:3 berei Abraham alles voor vir die brandoffer, en hy neem Isak.
- In beide gevalle is die kinders op die punt om te sterf. In Gen 21:15-16 sit Hagar vir Ismael onder 'n struik, en wag dan eenkant vir hom om van dors te sterf. In Gen 22:10 is Abraham op die punt om sy seun te slag as die brandoffer.
- In beide verhale gryp die Engel van die Here in. In Gen 21:17 vra die Engel vir Hagar: "Wat is fout?". In Gen 22:12 verklaar die Engel aan Abraham: "Nou weet Ek jy vrees God", en in Gen 22:16 bevestig die Here sy beloftes aan Abraham met 'n eed.
- In beide gevalle word die kind se lewe gespaar. In Gen 21:19 maak God Hagar se oë oop, en sy sien 'n put met water. In Gen 22:13 maak die Here Abraham se oë oop, en hy sien 'n ram om in die plek van sy seun te offer.
- In beide gevalle maak die Here beloftes oor die toekoms: In Gen 21:18 beloof die Here om Ismael tot 'n groot nasie te maak. In Gen 22:17-18 beloof die Here aan Abraham 'n baie groot nageslag wat hulle vyande sal oorwin, en wat tot seën sal wees vir al die nasies.

Sien jy die prentjie? Twee seuns van Abraham – Ismael is op natuurlike manier verwek, Isak is die kind van die belofte. Ismael gaan die woestyn in, dwaal daar rond. Hy is op die punt om te sterf van die dors. Maar dan gryp die Here in – Hy gee aan Hom water. Hy bly lewe. Hy word selfs 'n groot nasie deur die algemene genade van die Here. Maar dis al. Daarteenoor, word Isak Jerusalem toe gestuur. Hy is ook op die punt om te sterf – maar hier gryp die Here ook in. Die Here gee nie net aan Isak water om fisies aan die lewe te bly nie, nee, die Here gee 'n ram in sy plek – 'n Ram wat vir hom geregtigheid kan bewerk, geregtigheid wat nie net vir hom fisiese lewe beteken nie, maar geestelike lewe in vrede met die Here. Die Here maak hom ook 'n groot nasie, so baie soos die sterre aan die hemel, en boonop sal deur hom al die nasies van die aarde geseën wees. En dis nie al nie, hy ontvang nie net die beloftes van die Here nie, die Here bevestig dit boonop vir hom met 'n eed wat Hy by Homself aflê.

Geliefdes, ons kyk dikwels na die wêreld rondom ons, en dan sien ons dikwels dat ongelowiges ook oënskynlik sinvolle en selfs suksesvolle lewens lei. Hulle het ook gesinne en families. Hulle behaal ook sukses in hulle werk. Hulle geniet ook hulle lewens. Hulle lyk ook dikwels sorgeloos. En dan

wonder ons: Is dit werklik sinvol om ‘n gelowige te wees? Maak dit werklik ‘n verskil? Onthou die volgende: Ismael het ook ‘n vrou gehad, hy het ook ‘n groot nasie geword, hy het ‘n boogskutter geword. Maar onthou: hy het in die woestyn gebly. Onthou: dit is bloot omdat die Here aan hom water gegee het, dat hy hoegenaamd bly lewe het. Maar hy het net hierdie lewe. Vergelyk Ismael met Isak: Isak het nie water ontvang nie – nee hy het ‘n ram ontvang wat sy lewe gespaar het. ‘n Ram wat vir hom geregtigheid bewerk. Geregtigheid wat die Here vir hom gee. Die gevolg is hy het vrede met God, soos wat die Here aan Abraham beloof het dat hy in vrede sal sterf. Hy het die beloftes van die Here dat deur sy reuse nageslag daar seën sal wees vir al die nasies. Hy het die belofte van die beloofde land, wat nie net beter is as die woestyn nie, nee, dit strek tot agter die voorhangsel, dit strek tot na die finale oordeel, dit strek tot by die hemelse Jerusalem, dit strek tot by die nuwe aarde onder die nuwe hemel, waar hy vir ewig gaan woon, en die Here gaan by hom woon. En as dit alles te vergesog klink, het Isak boonop die eed wat die Here gesweer het dat dit alles vervul sal word.

Dit is ‘n groot voorreg om deel te mag wees van die verbondsgemeenskap, om deel te mag wees van die ware nageslag van Abraham. Maar, jy moet verder kyk as hierdie lewe om die volle implikasies daarvan te verstaan en waardeer. En jy moet die Here op Sy woord neem dat Hy dit alles sal bewerk.